

Gebruik jou verstand

Die Prediker was 'n slim man. Sy wysheide laat nogal dikwels 'n glimlag by 'n mens opkom. "As die byl stomp word en nie geslyp word nie, moet jy meer krag gebruik. Dit betaal om jou verstand te gebruik" (10:10).

Die Here se Wet word in Deut. 6 saamgevat: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart ... en hele verstand. Die Here het jou verstand aan jou gegee. Met jou verstand moet jy Hom dien. Verstand impliseer ook onderskeidingsvermoë en skrandeheid. Die Here sal van diegene met meer ook meer eis. Hou jou verstand skerp deur dit te slyp met werklike wysheid - Bybelse wysheid. Lees die Woord en geestelike literatuur. As jy net goedkoop tydskrifte lees verlaag jy jou verstandgawes. Kyk die niksseggende sepies; vereenselwig jou gees daarmee, dan daal jy af in die dieptes van eenvoudigheid. Nee, dien die Here met 'n gesonde verstand. Want as jy verstand kortkom is die enigste uitweg om meer krag te gebruik. As jou woordeskat tekort skiet, gebruik jy meer krag- en vloekwoorde. En as jy wysheid kortkom in jou huweliks- of ander probleme, dan word jou laaste uitweg meer geweld; byt en verskeur mekaar! Daarom egskeiding, daarom geweld (Mal 2). Die vlaag van geweld in huise en op straat, waaraan ons vandag weer blootgestel word, is net nog 'n simptoom van 'n mensdom wat sy verstand verloor het.

Die gawe van jou verstand moet jy nie verwaarloos nie, maar ook nie verafgod nie (te veel studie ooreis die liggaam – Pred. 12:12). Sorg dat jy geestelik belese bly en die Skrif en belydenis ken. Dan sal die Here jou ook kan gebruik. Neem deel aan verrykende byeenkomste en laat jou verstand jou hart voed met die goeie dinge wat van bo kom. Dan sal jy nie jou toevlug tot geweld hoef te neem nie, maar in rustige vertroue op God sal jy weet hoe om jou in elke omstandigheid te gedra. Ja, dink 'n bietjie... maak liever die byl skerp.